# Ontmoeting 9

# U weet dat ek U liefhet!!

**Jesus verskyn aan Tomas en aan die dissipels op die strand.**

**Teks:** Johannes 20: 19-31 en Johannes 21: 1-17

**Hulpmiddels:**

- Marshmallow vissies
- Kamera
- Kamma vuurtjie met vis en brood op
- Papier vir die bootjie
- Papierstrokies met Johannes 20:29b
- Kramdrukker
- Hulpmiddels vir vissie:
  - ⇒ Papier in die kleure van die reënboog
  - ⇒ Wikkelogie (of maak een uit papier)
  - ⇒ Wit of swart karton (160g-dikte)
  - ⇒ Skêr en gom

## WELKOM

**Speletjie 1**

Steek marshmallow vissies in die lokaal weg. Gee hulle kans om dit te soek.

**Speletjie 2**

Eet met houding *(Elkeen kry nou 'n marshmallow vissie.)*

⇒ Hap die vin asof jy nog nooit 'n marshmallow geproe het nie.

⇒ Hap die stert asof dit vuurwarm is.

⇒ Hap die kop terwyl jy huil.

⇒ Neem die laaste happie met toe oë.

## WYDING

**Sing:** "Ek hef my hande op" van Luidkidz

"Heer Jesus, my Redder" (Flam 6)

**Temalied:** "We will stand together" soos by ontmoeting 8.

**Stilgebed:** Vra die kinders om hulle hande oop voor hulle te hou en gee hulle 'n oomblik van stilte waarin hulle vir die Here kan sê: "U is God en ek sê dit in geloof". *(Dit kom uit die lied "Ek hef my hande op" en sluit aan by Tomas se belydenis.)*

## WOORD

*(Maak die verhaal interessant. Kies die karakters: Jesus en 11 dissipels. Identifiseer Petrus en Tomas. Dit sal goed wees om al die name te gebruik, behalwe natuurlik Judas Iskariot. Hulle kan selfs aangetrek word vir die rolle. Beeld nou elke deel van die verhaal uit vir 'n foto. Neem die foto's en wys dit dan aan die einde van die verhaal as 'n opsomming van die gebeure.)*

*Foto 1* - Dit was Sondagaand. Jesus se dissipels was bymekaar. Net Tomas was nie daar nie. Die dissipels het gehoor dat Jesus opgestaan het uit die graf. Hulle was bang, want hulle het geweet dat die mense wat vir Jesus doodgemaak het, hulle ook wou vang. Daarom het hulle die deure toegesluit.

*Foto 2* - Skielik het Jesus tussen hulle gestaan. "Vrede vir julle!" het Hy gesê en al het hulle groot geskrik, het hulle geweet dis Jesus, want hulle kon die merke in sy hande en in sy sy sien.

*Foto 3* - Tomas, een van Jesus se dissipels, was nie daardie aand saam met hulle nie. Die ander gaan sê toe vir hom: "Ons het die Here gesien!!" Maar Tomas sê vir hulle: "As ek nie die merke van die spykers in Sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie."

*Foto 4* - Tomas kon nie glo dis Jesus wat leef nie. Dit was vir hom te moeilik; hy wou bewyse hê. Gelukkig het hy die volgende Sondagaand saam met die ander dissipels bymekaargekom. Hulle het weer al die deure goed toegesluit.

*Foto 5* - Skielik staan Jesus tussen hulle. Wat dink julle sou Jesus se eerste woorde aan hulle wees? ("Vrede vir julle!")

*Foto 6* - Daarna het Jesus vir Tomas gesê: "Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig."

Al woorde wat Tomas toe kon sê, was: "My Here en my God!"

Die dissipels was baie gelukkig om vir Jesus te sien nadat Hy opgestaan het. Jesus het vir hulle gesê dat mense wat Hom nie gesien het nie, maar wel glo, veral gelukkig sal wees. Dit is mense soos ek en jy wat weet dat Jesus leef al het ons Hom nie gesien nie.

Onthou julle die vissies wat ons netnou geëet het? Kom ons maak ons oë 'n bietjie toe en dink aan die see. Voel die sand onder jou voete en die sandkorrels tussen jou tone. Die wind waai liggies deur jou hare en die golwe slaan teen die rotse. Daar ver in die water is 'n bootjie. In die bootjie is daar 7 mans. Hulle sukkel om vis te kry. Hulle is al moeg en moedeloos.

Skielik roep 'n man wat op die strand staan na hulle. "Het julle al iets gevang om te eet?" Hulle roep terug: "Nee!"

*Maak nou julle oë oop.*

*Foto 7* - As ek vra: "Het julle al iets gevang om te eet?", roep julle: "Nee!!" *(Vra en wag vir die kinders se antwoord.)*

"Gooi julle nette aan die regterkant van die skuit uit," roep Hy terug. Die manne, wat eintlik Jesus se dissipels was, doen dit toe.

Dadelik het hulle 'n groot klomp vis gevang. 153!! "Dis Jesus!" het Johannes vir Petrus gesê. Petrus het vinnig sy hemp aangetrek en in die water gespring om by Jesus te wees. Die ander dissipels het met die skuit nader gekom.

*Foto 8* - Maar daar was nog 'n groot verrassing vir die dissipels. Daar op die strand het 'n vuurtjie gebrand. Op die vuur was brood en vis gereed vir hulle om te eet. Jesus het geweet hulle is honger en het dit vir hulle voorberei. Hoe wonderlik dat Jesus soveel omgee vir mense.

*Foto 9* - Toe hulle klaar geëet het, vra Jesus vir Petrus: "Het jy my baie lief?" Petrus het dadelik geantwoord: "Ja, Here, U weet dat ek U liefhet." Jesus het dit weer gevra en toe 'n derde keer gevra. Petrus het hartseer geword. Hy het besef dat Jesus hom vergewe het omdat hy, nadat Jesus gevang is, gemaak het asof hy nie vir Jesus ken nie. Jesus het ook vir Petrus mooi verduidelik dat hy nou vir Hom gaan werk. Hy sal begin deur ander mense na Jesus te lei. Hy gaan nou 'n visser van mense wees.

**Tyd vir Wonder:**

1. Ek wonder waarvan het jy baie gehou in die verhaal.
2. Ek wonder wat was vir jou belangrik in die verhaal.
3. Ek wonder wie sou jy graag in die verhaal wou wees.
4. Ek wonder hoe sou jy voel as Jesus vir jou 'n vissie braai.
5. Ek wonder of jy 'n storie kan vertel van 'n keer toe jy besef het jy is spesiaal vir Jesus en Hy is lief vir jou.

*Gee vir elke kind 'n halwe toebroodjie. Party sal daarvan hou as daar 'n bietjie vis op is.*

**Sluit af met die gebed:** "My Here en my God, U weet alles. U weet dat ek baie lief is vir U."

## WERSKAF

Vissie weef: Sny stroke papier wat 2 cm breed en 29,7 cm lank is (die lengte van 'n A4-papier) uit al die kleure papier. Sny die patroon van 'n vis uit karton en vou dit in die helfte. Sny kepe omtrent 2 cm uitmekaar sonder om te naby aan die mond of stert te knip. Weef die gekleurde stroke papier deur die gleuwe. Sny die punte van die stroke om soos vinne te lyk. (Kyk op die foto's.) Plak ekstra stukkies papier oral op die vis en vinne en plak 'n wikkelogie op die regte plek. (Internet: craftymorning.com)

- Gevoude bootjie (instruksies op bl. 8)
- Johannes 20: 29b gedruk op 'n lang papierstrokie. Pons 'n gaatjie waar die sirkel is. Steek die pylpuntjies deur die gaatjie vir 'n armbandjie.
- Inkleurprent (op bl. 8)

**Sluit af met die seënbede soos by ontmoeting 8.**

**Johannes 20:29b**

**"Gelukkig is die wat nie gesien het nie en tog glo."**

## INSTRUKSIES OM DIE BOOTJIE TE VOU:

1. Vou die papier in die helfte en draai sodat die vou bo is. Merk die middel van die gevoude papier deur dit opmekaar te vou en weer oop te vou.
2. Vou die boonste hoeke af na die middellyn toe sodat daar driehoeke vorm.
3. Vou nou die voorste gedeelte wat onder verby die driehoeke steek vorentoe om. Vou die klein driehoekies wat onder verby-steek, terug na onder sodat daar 'n groot driehoekvorm oorbly. Draai die papier om en doen dieselfde met die agterkant.
4. Bring nou die twee onderste hoeke (A) van die driehoek na mekaar toe deur die binnekant effe oop te druk. Sit die twee kante op mekaar en vou dit plat sodat dit soos 'n vierkant (wat op een hoek staan) lyk sodat B en C aan die kante is.
5. Vou die een oop onderste hoek (A) op na die boonste hoek toe wat toe is.
6. Draai die papier om en doen dieselfde aan die ander kant. Dit vorm nou weer 'n driehoek.
7. Vou die twee onderste punte (B en C) na mekaar toe terwyl jy die vorm 'n bietjie ooptrek. Die middelpunte van die vorige vou word nou die buitentste hoeke (D en E). Die buitenste hoeke van die vorige vou (B en C) word die onderste hoek.
8. Trek nou die twee punte (D en E) bo weg van mekaar af terwyl jy die onderste punte toelaat om op te vou boontoe. Druk jou vingers nder in die opening en vorm die bootjie. **(Of kyk na die video op die webtuiste of op facebook hoe om dit te vou!!)**